# INDABA van Biblioteekvriende

Dr ANNA LOUW
**Korrespondent**

In Augustus 2002 het die Vriende van Rondebosch en Bellville se openbare biblioteke in Kaapstad verteenwoordigers van ander verenigings van Biblioteekvriende in die metropool na 'n Indaba uitgenooi. Die doel van die vergadering was om probleme te bespreek, asook sake van gemeenskaplike belang, soos maniere om meer gemeenskapsondersteuning vir plaaslike biblioteke te werf; die uitbreiding van biblioteekwerksaamhede in die belang van plaaslike gemeenskappe; maniere om geld in te samel; en projekte om gemeenskappe meer bewus van hul biblioteke te maak. Die vergadering is bygewoon deur verteenwoordigers van 12 verenigings van Vriende, waarvan een reeds 30 jaar werksaam is, terwyl ander pas gestig was. 'n Loodskomitee is saamgestel om die genoemde vraagstukke te ondersoek en die inisiatief verder te voer.

Die komitee het gereeld vergader en die notule is versprei aan al die verenigings van Biblioteekvriende wat toegang tot e-pos het. Mettertyd is daar besluit om die Library and Information Association of South Africa (LIASA) Wes-Kaap te nooi om 'n verteenwoordiger op die komitee te benoem en sedertdien bestaan die skakel voort.

In die loop van die eerste jaar het die komitee 'n persvrystelling oor die werksaamhede van Biblioteekvriende opgestel wat deur die groep as geheel en ook deur afsonderlike verenigings van Biblioteekvriende gebruik kon word. 'n Prototipe brosjure vir die werwing van lede is in Engels sowel as Afrikaans opgestel. Die komitee het die biblioteeksituasie in die metropool dopgehou en opgetree waar nodig, byvoorbeeld, toe gedreig is om Woodstock Biblioteek te sluit. Reaksies met betrekking tot gebeure waaroor in die media berig is, soos die SmartCape-projek, is as briewe aan die redaksie in verskeie koerante gepubliseer. Die komitee het 'n strategie ontwerp vir die verkryging van reklame vir openbare biblioteke en kontakte met die media gebruik, byvoorbeeld, 'n onderhoud deur die voorsitter met Radio Sonder Grense. Waar biblioteke verenigings van Biblioteekvriende wou stig of raad benodig het, het die komitee op verskeie maniere gehelp, soos praatjies of besprekings met belangstellende groepe.

'n Tweede algemene vergadering is in 2003, 'n jaar na die eerste vergadering, gehou. Dit is deur verteenwoordigers van 12 groepe Biblioteekvriende bygewoon en nog sewe groepe het hul verskoning vir afwesigheid gestuur. Terwyl die oorspronklike bedoeling was om die Indaba tot biblioteke in die metropool te beperk, is die tweede vergadering deur verteenwoordigers van die Paarl op hul eie versoek bygewoon. Hulle het van die eerste byeenkoms gehoor en 'n behoefte aan kontak met soortgelyke groepe gevoel.

By hierdie geleentheid is 'n voorstel aanvaar dat die komitee 'n grondwet en beleid vir die Indaba as formele liggaam moet opstel. Daar is ook voorgestel dat die liggaam oorweeg om 'n lidmaatskapfooi te hef om lopende onkoste te kan dra. Terwyl enkele veranderings aan die oorspronklike komitee gemaak is, is diegene wat vir herkiesing beskikbaar was behou, en 'n paar bykomende lede benoem. Die notule is weer eens versend aan alle groepe Biblioteekvriende vir wie kontakadresse beskikbaar was.

Die belangrikste doel van die algemene vergadering van 2004 was om die grondwet, wat intussen opgestel is, goed te keur en te aanvaar. Die loodskomitee het die grondwet van 'n paar van die gevestigde verenigings van Biblioteekvriende as uitgangspunt gebruik en afskrifte van die konsep aan die onderskeie verenigings gestuur vir hul kommentaar en voorstelle. Die finale konsep het dus reeds voorstelle van enkele verenigings bevat. Tydens die vergadering het die voorsitter die konsep-grondwet bladsy vir bladsy aan die aanwesiges voorgelê om geleentheid vir kommentaar en vrae te gee. Daar is besluit om die organisasie Indaba van Biblioteekvriende (Indaba of Friends of Libraries; IFOL) te noem. Geen geografiese grense is in die grondwet neergelê nie, om groepe Biblioteekvriende in aangrensende areas die geleentheid te gee om aan te sluit, aangesien 'n behoefte vir kontak reeds deur Vriende in die Paarl getoon is. 'n Jaarlikse lidmaatskapfooi van R50.00 sal gehef word sodra die komitee 'n bankrekening geopen het.

Die grondwet is eenparig aanvaar en die loodskomitee is, met instemming van sy lede, formeel verkies om die sake van IFOL vir die volgende jaar te beheer. Soos by die vorige vergaderings die geval was, het die aanwesiges hier weer 'n geleentheid gehad om lede van ander verenigings van Biblioteekvriende te ontmoet om gedagtes te wissel oor sake soos geldinsameling en maniere waarop hulle hul biblioteke kon ondersteun.

Dat daar ervaar is dat IFOL 'n nuttige doel dien, kan afgelei word van die vermeerdering in bywoning van die 2005 jaarvergadering. Verteenwoordigers van 17 verenigings van Biblioteekvriende was aanwesig en nóg vier het verskoning gemaak vir afwesigheid. Ninnie Steyn, pas aangestelde biblioteekbestuurder van die Stad Kaapstad, het die aanwesiges toegespreek oor die uitdagings wat vir haar biblioteekdiens voorlê. Sy het klem gelê op die belangrikheid van vennootskappe met organisasies soos IFOL. Haar kommer oor die personeeltekort en die gespanne omstandighede waaronder hulle werk, het duidelik na vore gekom. In antwoord op vrae het me Steyn gesê elke biblioteek se Vriende moet voorspraak vir hul biblioteek by hul plaaslike stadsraadslid doen en dit onder daardie persoon se aandag hou.

Die algemene vergadering in Augustus 2006 is weer eens deur verteenwoordigers van 'n groter aantal verenigings van Biblioteekvriende as die vorige jaar bygewoon (verteenwoordigers van 20 groepe aanwesig en verskonings vir afwesigheid van drie). Vir die eerste keer was die Vriende van Hermanus Biblioteek ook daar. Die goeie bywoning toon dat verteenwoordigers die geleentheid om met mense van ander biblioteekgemeenskappe gedagtes te wissel, op prys stel. Baie meer tyd is aan algemene



*Vriende verteenwoordigers is: Agter: (lnr) Clayton Oliver (Bonteheuwel), Frans van der Merwe (Bellville), Julian Schroeder (LIASA), Marie-Anna Cherenack (Tamboerskloof) en Meg Jurgens (Durbanville). Voor: (lnr) Marcia Raymond (Central), Anna Louw (Somerset-Wes en voorsitter), Ilze Swart (Bellville) en Abdullah Brett-Driskell (Athlone). Afwesig : Andrew Kruger (Bellville-Suid), Bon Gertz (Houtbaai) en Jean Albert (Rondebosch)*

bespreking van die probleme van individuele biblioteke gewy. Die geleidelike vermindering aan biblioteekpersoneel het orals tot die inkorting van biblioteekure gelei, en in sommige gevalle tot die tydelike sluiting van biblioteke. Die verteenwoordiger van Tamboerskloof Biblioteek het vertel hoe die sterk reaksie van die gemeenskap op die munisipaliteit se plan om die biblioteek te sluit, daartoe gelei het dat die biblioteek wél oopgehou word, al is dit net vir enkele ure per week.

Die werksaamhede van die komitee is deur die aanwesiges goedgekeur. Verskeie voorstelle is gemaak vir veranderings aan die komitee se benadering. Die bestaande komitee is herkies, met addisionele nuwe lede om nuwe idees en meer werkers op die komitee te kry.

Na vyf jaar se werksaamhede het IFOL 'n mate van erkenning verwerf as drukgroep namens openbare biblioteke. By geleenthede waar briewe in nasionale dag- of weekblaaie verskyn het, en na onderhoude met radiostasies, is navrae ontvang oor die funksionering van IFOL en die moontlikheid dat dit na ander dele van die land sal versprei. Die verswakkende omstandighede van openbare biblioteke dwarsdeur die land roep luid om 'n sterker en wyer verspreide voorspraak en ondersteuning vir hierdie essensiële komponent van die opvoeding en kulturele lewe van alle Suid-Afrikaners.